FEBA SUID-AFRIKA

# MAANDELIKSE E-GEBEDSFOKUS



## AUGUSTUS 2025

**Vrydag 1 Augustus:** Bid vir Ed Cannon, FEBA Internasionaal se voorsitter, en die Uitvoerende Komitee. Naas die bestuur van hul eie streke, lei hulle ook FEBA se wêreldwye strategie oor uiteenlopende kulture heen en rus spanne toe om die Groot Opdrag uit te voer. Vra vir God se beskerming wanneer hulle reis en Sy wysheid soos wat hulle FEBA lei in die verkondiging van Christus deur media.

**Saterdag & Sondag 2-3 Augustus:** Na raming het die hoeveelheid konflik reg oor die wêreld in die afgelope vyf jaar verdubbel. Die hoeveelheid gewapende konflik is die hoogste sedert die Tweede Wêreldoorlog. Vir baie mense in dié streke dien FEBA se uitsendings as 'n stem van hoop en vertroosting in die chaos. Bid dat FEBA se personeel en luisteraars in konflik-geteisterde gebiede sterk sal groei in hul geloof en die rykdom van God se genade sal ervaar.

---

**Maandag 4 Augustus:** Bid vir 'n einde aan die oorlog tussen Rusland en Oekraïne. Mense is uitgeput van vrees en verdriet, en FEBA se spanne het te kampe met heelwat beproewings onderwyl hulle God se Woord verkondig. Bid dat FEBA se personeel daagliks voldoende krag sal ontvang en dat luisteraars vrede sal vind in Christus.

**Dinsdag 5 Augustus:** Bid vir gelowiges in Mianmar. Een predikant vertel: "Ons is nou verspreid [weens die oorlog], nogtans dank ons God vir Sy teenwoordigheid waar ons ook al gaan ... Daar waar ons nog sein kan vind, luister ons na God se Woord op [FEBA] radio. Dit bring vir ons vertroosting en krag in hierdie onseker tye."

**Woensdag 6 Augustus:** As die regverdiges om hulp roep, hoor die Here hulle en red Hy hulle uit al hulle benoudhede. Die Here is naby die gebrokenes, Hy help die moedeloses" (Psalm 34:18-19 Afr83). Bid dat elke FEBA-luisteraar in moeilike omstandighede God se nabyheid sal ervaar.

**Donderdag 7 Augustus:** Oorlog het die mense van Jemen met beperkte toegang tot kos, water en basiese mediese dienste gelaat. FEBA is deel van die Jemen-projek wat die evangelie van buite die landsgrense in Jemen uitsaai. Bid dat God Jemen se gelowiges van hul daaglikse behoeftes sal voorsien en dat die Jemen-projek vrug sal dra.

**Vrydag 8 Augustus:** Die burgeroorlog in Soedan het, volgens die VN, "die wêreld se ergste humanitêre krisis" veroorsaak. Miljoene mense is ontheem en 'n menigte het gevlug na die gebied waar FEBA Soedan se Living Hope Radio nou uitsaai. Bid dat FEBA Soedan se programme 'n saad van lewende hoop in luisteraars se harte sal plant.

**Saterdag & Sondag 9-10 Augustus:** By FEBA is daar honderde ma's, dogters, susters, tannies en vriendinne wat agter die mikrofoon of agter die skerms dien, en hulle bereik miljoene vroulike luisteraars in 50 lande. Vroue in Kirgisië wat onder huishoudelike geweld ly, weduwees wat boer in Mosambiek, prostitute in die Filippyne, vroue wat vasgekeer is in die Oekraïnse oorlog – FEBA hoor van diesulkes en meer. Bid dat elke vrou in FEBA se bediening in haar geloof en wandel met God sal groei, sodat sy tot seën vir ander kan wees.

---

**Maandag 11 Augustus:** FEBA Oekraïne se Embrace-program reik uit na militêre weduwees, eggenotes en dogters deur middel van radioprogramme, sosiale media en persoonlike byeenkomste. Die program stel vroue bekend aan die evangelie en skep 'n ruimte waar hulle hul laste kan deel. Bid dat die Embrace-program genesing aan die vroue van Oekraïne sal bring.

**Dinsdag 12 Augustus:** "Comfort at Night het my lewe verander. As vrou en ma het ek gereeld onuitgesproke laste gedra, maar dié program het my herinner dat ek nie alleen is nie. Elke boodskap het my krag gegee om sterk te staan in die geloof en my gesin meer doelgerig lief te hê." Prys God dat Hy vroue bemagtig en geliefd laat voel deur FEBA Radio.

**Woensdag 13 Augustus:** "U het my gevorm, my aanmekaargeweef in die skoot van my moeder. Ek wil U loof, want U het my op 'n wonderbaarlike wyse geskep. Wat U gedoen het, vervul my met verwondering" (Psalm 139:13-14 Afr83). Bid dat elke FEBA-luisteraar God se wonderlike werke en ewigdurende liefde sal leer ken.

**Donderdag 14 Augustus:** Armoede dryf baie vroue in Davaostad, Filippyne, tot prostitusie. FEBA Filippyne deel die evangelie met dié vroue deur die Blessing Rahab-program, wat hulle ook toerus met vaardighede om ander inkomstebronne te vind. Bid dat elke vrou in die Blessing Rahab-program haar geloof in Christus sal plaas en haar ou lewe sal agterlaat.
Vrydag 15 Augustus: Party van FEBA Mosambiek se vroulike luisteraars, waaronder weduwees en voormalige Moslems, het ander begin leer hoe om Bybelstories in radiodramas te omskep. FEBA Mosambiek saai dié dramas uit om vroue en die jeug te bereik. Prys God vir hierdie inisiatief en bid dat FEBA Mosambiek se radiodramas 'n blywende impak op luisteraars sal hê.

**Saterdag & Sondag 16-17 Augustus:** Die Lausanne-beweging beweer dat daar slegs een Christen-sendeling vir elke 400 000 onbereikte Moslems in die wêreld is. Baie onbereikte Moslems woon in lande met beperkte toegang tot die evangelie, maar radio en digitale media kan hulle nog steeds bereik. FEBA se bediening en uitsendings na Moslem-meerderheid lande soos Pakistan en Niger, sowel as na groot Moslembevolkings in lande soos Rusland en die Filippyne, dra vrug. Bid dat FEBA toegelaat sal word om aan te hou uitsaai na Moslems en 'n groot oes vir die Here sal inbring.

---

**Maandag 18 Augustus:** Bid asseblief vir FEBA se nuwe bediening in Oesbekistan, 'n sekulêre staat met 'n Moslem-meerderheid bevolking. FEBA Oesbekistan deel die evangelie deur middel van video's op sosiale media en hoewel party mense met beledigings en dreigemente reageer, toon baie opregte belangstelling. Die span sien wonderbaarlike resultate. Bid dat FEBA Oesbekistan se getrouheid en volharding blywende vrug sal dra.

**Dinsdag 19 Augustus:** "Ek sien die waarhede in die Bybel wat julle deel, maar wanneer ek die Koran lees, is dit so anders ... Ek kan voel julle praat die waarheid oor God, maar almal om my is teen Christenskap gekant. Ek weet nie wat om te doen nie." Bid dat hierdie luisteraar in Oesbekistan haar geloof in Christus sal plaas.

**Woensdag 20 Augustus:** "Kyk, Ek staan by die deur en Ek klop. As iemand my stem hoor en die deur oopmaak, sal Ek by hom ingaan en saam met hom die feesmaal hou, en hy saam met My" (Openbaring 3:20 Afr83). Vir baie Moslemluisteraars is FEBA se uitsendings daardie klop aan die deur. Bid dat hulle hul harte vir Christus sal oopmaak.

**Donderdag 21 Augustus:** FEBA reik uit na Moslem immigrante-gemeenskappe reg oor Rusland. FEBA se gespreksprogramme, video's en opvolgwerk leer verstote mense dat hulle waardevol is in God se oë en baie luisteraars reageer op Sy roepstem. Bid vir God se wysheid waar FEBA Rusland Moslems na Christus toe lei en hulle in kontak sit met plaaslike kerke.
Vrydag 22 Augustus: Sommige FEBA-luisteraars is te bang om medegelowiges te ontmoet, omdat hulle gemeenskappe vyandig is teenoor Christenskap. Vandag herdenk die wêreld slagoffers wat geweld gely het weens hul godsdienstige oortuigings. Bid asseblief vir die FEBA-personeel en -luisteraars wat liggaamlike, verbale en sielkundige geweld ly vir hulle geloof.

**Saterdag & Sondag 23-24 Augustus:** In Februarie is een van FEBA se aanbieders in 'n vyandige streek in Suidoos-Asië weens sy geloof vermoor. Reg oor die wêreld ervaar vervolgde gelowiges nie net fisiese gevaar nie, maar ook afsondering en eensaamheid. Baie kan nie met medegelowiges vergader of hulle geloof in die openbaar deel nie. Vir diesulkes kan 'n stem op die radio 'n metgesel word. FEBA se sosiale mediakanale bied 'n geleentheid om in veiligheid met medegelowiges te kommunikeer. Bid dat God FEBA se vervolgde personeel en luisteraars in hul geloof en hoop sal versterk.

---

**Maandag 25 Augustus:** Bid asseblief vir gelowiges in Indië en Pakistan, waar hulle toenemend met diskriminasie en onderdrukking te kampe het. FEBA saai in beide lande uit op radio en digitale platforms, en albei spanne doen opvolgwerk met luisteraars ten spyte van gevaar. Bid dat God FEBA Indië, FEBA Pakistan en hul luisteraars met hoop, vreugde en vrede sal vul.

**Dinsdag 26 Augustus:** "Hierdie lesse het my kennis en begrip baie vermeerder, wat 'n groot hulp in my bediening is. Hulle het my ook geïnspireer om evangelisasie meer lief te hê en die storie van Jesus met vrymoedigheid te deel." Bid God se seën toe op hierdie luisteraar in Laos, waar die evangelie groot teenstand ervaar.

**Woensdag 27 Augustus:** "Geseënd is julle wanneer die mense julle ter wille van My beledig en vervolg en valslik al wat sleg is van julle sê. Wees bly en verheug, want julle loon is groot in die hemel. Hulle het immers die profete voor julle net so vervolg" (Matteus 5:11-12 Afr83). Bid dat vervolgde gelowiges oral krag uit God se beloftes sal put.

**Donderdag 28 Augustus:** Bid vir gelowiges onder Suidoos-Asië se etniese minderheidsgroepe. Baie van hulle word uit hul gemeenskappe gestoot wanneer hulle tot bekering kom, en tog het miljoene al op FEBA ELSEA se kortgolfuitsendings en sosiale media gereageer. Bid dat FEBA ELSEA en sy luisteraars in hul kennis van God se Woord sal groei en troos in Sy teenwoordigheid sal vind.

**Vrydag 29 Augustus:** Owerhede in China beperk steeds godsdienstige aktiwiteite en kinders onder 18 mag nie deelneem nie. Ten spyte van uitdagings gaan FEBA China egter voort om die evangelie te deel en kerkleiers toe te rus, en sy pogings dra vrug. Bid dat FEBA China en sy luisteraars sal volhard en dat die kerk in China sal aanhou groei.

**Saterdag & Sondag 30-31 Augustus:** FEBA saai uit in Mosambiek, Malawi, Tsjad, Mali, Niger en Soedan, waar geweld en armoede algemene verskynsels is. Die spanne in hierdie lande deel die Goeie Nuus deur radio-uitsendings en op praktiese wyse, deur na gehuggies te reis om radio's en oudio-Bybels uit te deel, nuwe gelowiges te doop, en luisteraars te bemoedig. Bid dat FEBA Afrika se spanne nooit moeg sal word om góéd te doen nie. Vra ook dat luisteraars hul geloof in God sal plaas en daardie geloof met ander sal deel.




+27 12 335 5708 info@febaradio.co.za www.febaradio.co.za
+27 81 265 4801 FEBARadioSA feba_radio_sa